VERSOEK OM BENOEMINGS

AANSTELLING VAN VYF LEDE IN DIE RAAD VAN DIE ONAFHANKLIKE KOMMUNIKASIE-OWERHEID VAN SUID-AFRIKA (OKOSA)

Instellings en/of individue word hiermee uitgenooi om persone te benoem ten einde vyf vakatures te vul in die OKOSA-raad, soos ingestel ingevolge die Wet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, No 13 van 2000 [soos gewysig deur die Uitsaaiwysigingswet, No 64 van 2002 en die Wysigingswet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, No 2 van 2014]. Een van die vyf vakatures sal dadelik gevul word en die ander by verstryking van die vier raadslede se termyn in April 2020

OKOSA skryf regulasies en beleidsrigtings voor om die uitsaaiwese en telekommunikasie in die openbare belang te bestuur ten einde billikheid en 'n diversiteit van menings te verseker, monitor die omgewing en dwing die nakoming van reëls, regulasies en beleidsrigtings af, hoor geskille en klagtes aan wat deur die bedryf geopper is en besluit daaroor, beplan en bestuur die frekwensiespektrum en beskerm verbruikers teen onbillike sakepraktyke, swak gehalte dienste en skadelike of minderwaardige produkte.

Persone wat in die Raad aangestel word, moet hulle verbind tot billikheid, vryheid van uitdrukking, openheid en aanspreeklikheid en moet verteenwoordigend wees van 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek en oor toepaslike kwalifikasies, kundigheid en ervaring beskik op die gebied van, onder meer, uitsaaiwese, elektroniese kommunikasie- en posbeleid of -bedrywighede, ontwikkeling van openbare beleid, elektroniese ingenieurswese, die reg, inligtingstegnologie, inhoud in enige formaat, verbruikersbeskerming, onderwys, ekonomie, finansies of enige ander verwante kundigheid of kwalifikasies, en moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees wat permanent in die Republiek woonagtig is.

Skriftelike benoemings moet die volle naam en adres bevat van die instelling en/of individu wat die benoeming doen, die benoemde se skriftelike aanvaarding van die benoeming en sy/haar curriculum vitae wat ten minste die volgende inligting bevat: • Volle naam, ID-nommer en geslag • Kontakadres, telefoon- en faksnommers en e-posadres • Vorige ondervinding (met vermelding van datums en tersaaklike organisasies) • Gewaarmerkte afskrifte van akademiese kwalifikasies en identiteitsdokument.

Benoemings en navrae moet gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Kommunikasie (Aandag: mnr Thembinkosi Ngoma, Komiteesekretaris), 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad 8001 of per e-pos gestuur word na tngoma@parliament.gov.za of per faks na 086 522 5740. Telefoniese navrae kan gerig word deur 021 403 3733 of 083 709 8407 te skakel.

Sluitingsdatum vir benoemings: Vrydag, 27 September 2019 om 16:00. Neem asseblief kennis dat benoemdes aan 'n kwalifikasie-ondersoek en sekerheidsklaring onderwerp sal word. Benoemings wat laat ingedien word, sal nie oorweeg word nie.

Uitgereik deur mnr BM Maneli, LP: Voorsitter, Portefeuljekomitee oor Kommunikasie.

Parliament. Making Democracy Work.

www.ayandambanga.co.za RAPPORT AFR 137631 www.thecandocompany.co.za